# 27 Mei 2023 - Lesing 32 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Voorloper - Kennis oor vorige beliggaming is nie dienstig nie – 22/5/60

**NO: 7604** Julle moet julle nie in julle vermoedens verdiep wie se gees julle beliggaam waarin julle in die laaste tyd op die aarde is om My te dien nie. Daar is van My kant af 'n sluier uitgesprei oor dinge wat nie vir julle weg oor die aarde en vir julle taak van nut is nie en daarom word die kennis van julle weerhou in welke beliggaming julle eens oor die aarde gegaan het. Dit moet voldoende wees om te weet dat Ek almal wat bereid is om My te dien, van groot krag en genade voorsien. En dat die aktiwiteit van My teenstander gedurende die eindtyd selfs so geweldig sal wees dat daar ook **sterk liggeeste nodig sal wees** om teen sy aktiwiteite op te tree en standvastig te bly, wanneer dit daarop sal neerkom om verlossend op aarde te werk.

Maar hierdie liggeeste moet in die grootste deemoed bly om hulle opdrag te kan uitvoer, omdat die teenstander juis in hoogmoed en aanmatiging die swakste plekke vind en dit aangryp en hulle taak dus daardeur geskaad kan word. En die mense is almal blootgestel aan hierdie gevaar om aan sy kenmerkende eienskap en erflike kwaal ten prooi te val.

Daarom word so 'n moontlikheid ook nie van My kant af bevorder nie, maar Ek poog altyd om sodanige invloed uit te oefen **dat die mens in deemoed sal bly**, omdat hy dan ook My teenstander sal kan weerstaan en nie in sy vangnette verstrik raak nie. **Dit is vir die mens van geen nut om oor sy vroeëre beliggaming kennis te dra nie,** anders sou dit hom te kenne gegee gewees het die oomblik toe hy begin het met die arbeid vir My en My Ryk.

**Maar een mens sal daarvan weet**, vir hom sal dit geen geheim wees nie, omdat hy die moeilikste opdrag sal moet uitvoer in die laaste tyd, naamlik om My Voorloper te wees wat My Koms sal aankondig. Hy moet My Koms in die wolke as 'Roepende in die woestyn' aankondig en sy missie vir My met die dood koop. Maar om dit te weet, sal hom nie beswaar nie, **omdat hy 'n sterk gees is** wat die **laaste beliggaming** op aarde bewustelik aanvaar het, in die besef van die noodsaaklikheid van sy opdrag, wat hy bereid is om in diepste liefde aan My uit te voer.

Hy is een van die weiniges wat met die dood beseël wat hy verkondig. Hy het egter die krag daarvoor, omdat hy My liefhet, Wie hy eens nie heeltemal herken het nie en moes al eenmaal sy lewe laat vir My. Maar hy is bereid om 'n duisend dode vir My te sterf en daarom gaan hy die laaste weg bewustelik, **bewus van sy taak en herkoms**.

Hierdie sekerheid sal hy egter eers dan hê wanneer sy laaste missie begin, wanneer hy, **wat tevore in uiterste teruggetrokkenheid geleef het**, in die openbaar na vore sal tree. Wanneer sy Godverbondenheid hom skielik 'n heldere lig sal skenk, welke taak hy op aarde sal moet uitvoer.

En dan sal hy met vurige ywer van My spreek en ook alles doen om die mense te wys op die einde en die laaste oordeel. Hy sal openlik en sonder skroom spreek teen die maghebbers wat hy nie sal vrees oor hulle mag nie. Hy sal hulle openlik brandmerk, omdat hy in hulle die afgesante van Satan herken teen wie hy duidelik te velde sal trek.

**En dit sal ook My laaste teken wees, want hy sal eers gedurende die eindfase optree, - in die tyd van die geloofstryd wat kort voor die einde gevoer sal word**.

Wat die mense ookal vir julle sal vertel, sy werk op aarde sal nie begin **voor die tyd wanneer die geloofstryd sal ontbrand** waarin die "Ligte" helder sal straal wat die mense die weg sal wys waarop almal moet gaan nie.

**En hy sal die "helderste Lig" wees** wat sal straal waar julle dit die minste sal vermoed. Hy sal in Ligkrag alles oortref en daarom ook herkenbaar wees vir almal wat nie sku vir die Lig sal wees nie. Maar oefen julle in geduld en wag die tyd af, **gee julle nie oor aan verkeerde vermoedens nie**. Want julle sal nog dikwels mislei word deur My teenstander, want hy wil julle blik aflei **om julle van julle eie taak en arbeid weg te neem waarmee julle bereid is om My as troue knegte te dien.**

Laat julle nie mislei word nie, julle sal dit ten duidelikste insien wanneer die tyd gekom het waarin sulke ongewone dinge gaan gebeur sodat Ek ook ongewoon sal moet ingryp om Myne te hulp te kom. Want ook hulle sal in hulle geloof geskok word deur die optrede van My teenstander, as hulle nie self aan My sal vashou en alles aan My sal oorgee in vertroue op My korrekte bestuur nie. Julle sal dan ook My Wil in julle harte voel, sodat julle nie meer hoef te vra wat julle nou moet doen nie.

My Wil sal julle wil wees en julle sal nie anders kan handel as volgens My Wil nie en sal ook weet dat julle slegs My Wil deur julle werke vervul. Ek roep julle steeds weer toe, **wees nie voorbarig nie** en wag totdat Ek julle roep, totdat Ek julle My Wil in die hart lê. Want julle kan ook, deur voortydig te handel, versteur wat vantevore moeisaam opgebou was. Besef altyd dat die mense almal nog te swak is in die geloof, dat hulle somtyds melkkos aangebied moet word, sodat hulle geen skade aan hulle siele ly nie. **Aan hulle moet julle slegs My Evangelie van die Liefde predik**, maar egter nie sulke leerstellings voorlê wat hulle nie kan begryp nie. En daartoe behoort ook **die kennis oor die beliggaming van die ligsiele,** omdat die geloof aan 'n voortlewing van die siel oor die algemeen by hulle ontbreek.

Die mense wat nou al die optrede van die Voorloper voor My Wederkoms aankondig, is nie altyd heeltemal

korrek nie.

Neem hulle egter **My Evangelie van die Liefde** aan, dan sal hulle ook leer om te glo en ook die Voorloper **herken** wanneer hy sal optree. Want moeilike gebeurtenisse sal dit voorafgaan en daaraan sal die **skeiding van die geeste** ook herken word. Mense wat vir of teen My is en daarmee ooreenstemmend, sal ook hulle geestelik insig wees.

Dit sal nie meer lank duur nie, dan sal al hierdie woorde vir julle verstaanbaar wees. Dan hoef julle nie te vra nie, maar julle sal weet dat My Koms naby is, **omdat julle hom dan sal herken wie My Voorloper was gedurende My aardse tyd** - en dit ook nou weer sal wees soos dit verkondig word deur woord en geskrif. Amein.

Mal 4

*5 Kyk, Ek stuur julle die* ***profeet EliJaH[ûW]*** *voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*

*6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie.*

Mat 17

*10 En Sy studente vra Hom en sê: Waarom sê die skrywers dan dat EliJaHûW eers moet kom?*

*11 En JaHWèshua antwoord en sê vir hulle: Dit is die Waarheid,* ***EliJaHûW kom eers en sal alles herstel;*** *[1 Konings 17:21]*

*12 maar Ek sê vir julle dat EliJaHûW al gekom het, en hulle het hom nie erken nie,* ***maar aan hom alles gedoen wat hulle wou.*** *So sal die Seun van die Adam ook deur hulle ly. [1 Konings 17]*

*13 Toe verstaan die studente dat Hy met hulle van JeHôWganan die Wasser (****Johannes die Doper****) gespreek het.*